# Die teologiese opleiding en kurrikulumondersoek

PJ VAN DER MERWE

Gedurende die sewentigerjare het 'n debat in die Nederduitsch Hervormde Kerk op dreef gekom wat in 'n sekere sin vandag nog voortduur. Dit handel oor die vraag of die teologiese opleiding daarin slaag om studente so op te lei dat hulle die eise van die moderne ampspraktyk met vertroue tegemoet kan gaan. Voortvloeiend uit hierdie debat het die Dosentevergadering van die Fakulteit Teologie (Afdeling A), UP, in 1981 besluit om 'n komitee vir kurrikulumondersoek en -hersiening aan te wys. Tans verkeer die Kurrikulumkomitee reeds in sy derde bestaansjaar en sal dit sekerlik nie voorbarig wees om die sluier effe te lig oor die ondersoek en enkele toekomsperspektiewe uit te spreek nie.

Een van die vroegste insigte waartoe die komitee gekom het, is dat 'n kurrikulumondersoek 'n tydsame en 'n ingewikkelde saak kan word. Wat in ons eie geval vertragend inwerk, is dat die verskillende fases van die ondersoek nie afgehandel kan word voordat dit ook weer deur die Dosentevergadering deurgewerk en gefinaliseer is nie. Soos 'n vroeëre voorsitter van die Predikantevergadering dit by geleentheid gestel het: om 'n vergadering van voorsitters te lei, is erg; om hulle die vergadering in te kry, is veel erger. Dit troos ons egter dat daar al dergelike ondersoeke was wat langer as 'n dekade geduur het.

Een van die eerste dinge wat die komitee moes doen, was om die parameters vas te stel waarbinne 'n kurrikulum vir teologiese opleiding opgestel moet word. Hierdie bakenpunte is die volgende:

(1) Waartoe moet die opleiding plaasvind? Wat behels die amp en ampswerk van die predikant? Hieronder ressorteer die kundighede, vaardighede en gesindheid wat die werk en lewe van 'n predikant kenmerk. Wat hierdie vraag moeilik maak, is die verdere vraag: volgens wie se verwagtinge? Die van die kerkvolk of die van teoloë? Natuurlik hoef 'n mens hierdie keuse nie op die spits te dryf nie en die Dosentevergadering het dan ook na amper 'n jaar se debatering daarin geslaag om so 'n behoeftebepaling uit te werk.

(2) Hoe sien die Kerkwet die teologiese opleiding? Gelukkig is hierdie nie 'n moeilike vraag om uit te maak nie. Van belang is die feit dat die opleiding deurgaans met vorming verbind word, soos in "teologiese opleiding en vorming van dienaars van die Woord". Verder geskied die opleiding altyd op twee vlakke, naamlik die universiteitsvlak en die kerklike vlak. Die effek van laasgenoemde word met die proponentseksamen gekontroleer, terwyl eergenoemde met die gewone universiteitseksamens geëvalueer word. Laastens word die "teologiese opleiding en vorming van dienaars van die Woord" gesien as iets wat afgehandel moet word voordat toelating tot die bediening kan plaasvind. Die stelsel van in-diens-opleiding ken die Kerkwet nie.

(3) Wat is moontlik in terme van beskikbare kursusduur en onderriggeleentheid? Die spesifiek teologiese deel van die opleiding duur 'n korte drie jaar. Om die kursus te verleng, sodat die opleiding in geheel langer as ses jaar duur, lyk nie na 'n haalbare moontlikheid nie, veral as 'n mens in aanmerking neem dat die fakulteitsafdeling van die NG Kerk (Afdeling B) die totale duur van hulle opleiding van sewe na ses jaar verminder het. Integrasie van die BA en BD-kursusse open die moontlikheid om sekere vakke wat vanuit Lettere en Wysbegeerte aangebied word, met teologiese vakke te vervang en die BD dus as't ware vorentoe ten koste van die BA uit te brei. Aan die ander kant bestaan die vraag of die uiteindelike predikant enige van die BA-vakke werklik kan mis. Hoewel die Dosentevergadering nog nie finaal die moontlikheid van 'n geïntegreerde kursus afgewys het nie, lyk dit myns insiens meer prakties om die beste van die bestaande bedeling te maak.

(4) Wat laat die feit dat ons teologiese opleiding aan 'n universiteit gesetel is ons toe? Hier dien dit vermeld te word dat daar in owerheidskringe erg gedebateer word oor die plek en rol van die universiteite in die tersiêre onderwysstruktuur, veral in onderskeiding van die opkomende tegnikons. Volgens berigte is die beginsel reeds min of meer uitgemaak dat ofskoon universiteite hulle ook met professionele opleiding besig kan hou, hulle primêre rol is om wetenskaplike vorming te verskaf. Van die kant van die universiteite word die argument gevoer dat die professionele opleiding wat hulle verskaf, nou gekoppel is aan wetenskaplik-konsepmatige vorming, sodat die professionele man met 'n universiteitsopleiding in wisselende omstandighede

in staat is om praktyk te herstig. Daarenteen sal die resepmatig-opgeleide persoon nie hierdie aanpasbaarheid hê nie.

Die komitee het vroeg ingesien dat die teologiese opleiding niks meer kan wees as die basiese, minimum-opleiding waaroor 'n predikant moet beskik nie. Om 'n student met die oog op elke denkbare situasie of probleem op te lei waarin of waarvoor hy eendag te staan sal kom, is onmoontlik. In die opstel van 'n kurrikulum gaan dit om daardie doelstellings, doelwitte en inhoude wat in die lig van die kursusduur en onderrig-/studiegeleenthede optimale toerusting en vorming tot gevolg sal hê met die oog op 'n bepaalde beroeps- of ampspraktyk. Die komitee het verder gevoel dat die teologiese kurrikulum met die veronderstelling uitgewerk moet word dat dit om 'n eerste fase van bekwaammaking gaan. Die predikant aanvaar met sy bediening ook die plig en verantwoordelikheid om voortdurend, op eie stoom of onder leiding, na groter ampsbekwaamheid te vorder. Om prof JI de Wet aan te haal: 'n predikant wat nie studeer nie, is nie bekeer nie. Die predikant wat sy teologiese opleiding blameer vir sy onbekwaamheid, sonder dat hy self enige poging tot verbetering aanwend, het nooit die doel van sy opleiding verstaan nie.

Dit gaan dus nie om die beste teologiese opleiding nie, maar om die optimale. Die optimalisering van die teologiese opleiding bring ook 'n optimalisering van die voorstudie mee, enersyds omdat studente in die voorstudie reeds in 'n sekere sin as teologiese studente deur die kerk behandel word en, andersyds, omdat baie van die teologiese vakke bou op kundighede en vaardighede wat in die voorstudie verwerf is. Hier stuit ons nog op 'n vername probleem, naamlik die van wisselende vlakke van vaardighede en kundighede. 'n Praktiese voorbeeld is die van 'n dosent in Ou-Testamentiese Eksegese wat 'n groot deel van sy tyd in die eerste BD-jaar moet gebruik om die studente op dieselfde vereiste vlak van taal- en literêre vaardigheid te kry. Uiteindelik gaan dit om die voorvereistes wat vir teologiese studie gestel word. As die fakulteit sulke voorvereistes wil stel, is hy sekerlik ook geregtig om voldoening daaraan te evalueer. Hier dien verwys te word na sommige opleidingsinstansies wat hulle eie toelatingseksamens het en as toelatingsvereiste dan 'n slaagpunt in die eksamen stel. Ek stem saam dat dit 'n taamlik drasties oplossing van die probleem is, maar dat dit 'n oplossing is, kan nie ontken word nie.

Wanneer die behoeftebepaling wat reeds gemaak is, vergelyk word met die bestaande BD-kursus, wil dit voorkom of die be-

staande teologiese opleiding nie te swak vaar nie. Op die minste maak dit 'n stewige basis uit waarop voortgebou kan word. Dat daar egter ook leemtes is, het reeds geblyk. Hieroor wil ek nou kortliks handel.

'n Vername leemte lê in die wyse waarop departemente met mekaar skakel in die opleiding. Wyle prof JI de Wet het herhaaldelik hierop gewys, omdat hy in die Praktiese Teologie met die gevolge daarvan moes worstel. In sy klaspreekseminare waarheen hy al die dosente uitgenooi het, het hy probeer om iets van 'n multi-dissiplinêre kommunikasie te bewerkstellig. Voortvloeiend uit die gebrekkige skakeling kan die volgende probleme aangedui word:

(a) Op terreine waar dosering met mekaar oorvleuel, is daar min koördinasie. Gevolglik vind onnodige duplikasie plaas en studente word soms met verskillende, selfs kontrasterende standpunte aangespreek.
(b) Terreine waarvan die ensiklopediese plasing nie uitgemaak is nie, word nie ontgin nie, omdat departemente nie graag imperialisties wil voorkom nie, of omdat nie een regtig daarvoor kans sien nie. 'n Klassieke voorbeeld is die sektewese, wat eintlik 'n baie aktuele tema vir die opleiding behoort te wees.
(c) Temas wat dwarsoor die grense van vakke strek, kom as gevolg van die gefragmenteerde aanbieding nie tot hulle reg nie. 'n Klassieke voorbeeld hier is die tema: "Van teks tot prediking", 'n tema wat by die hart van teologiese opleiding lê.

Die Kurrikulumkomitee staan gereelde interdepartementele skakeling; maar ook geleentheid vir meer multi-dissiplinêre kruisbestuiwing voor. Vakke en temas wat dit regverdig, moet op 'n gekoördineerde, multi-dissiplinêre wyse aangebied word. Dit dien vermeld te word dat die eerste stappe in dié rigting reeds geneem is en dat die tema, "Van teks tot prediking", hopelik vanjaar reeds aangebied sal word as 'n gesamentlike poging van Ou Testament, Nuwe Testament, Dogmatiek en Praktiese Teologie.

'n Verdere leemte het te doen met onderrig- en evalueringsmetodes. Hieroor wil ek nie veel sê nie, omdat die Kurrikulumkomitee dit nog nie spesifiek bekyk het nie. Die beswaar sou nogtans geopper kon word dat onderrig te veel op parate kennisoordrag ingestel is en te min insig stimuleer. Daarenteen is dosente weer geneig om met evaluering vir insig te toets. Selfwerksaamheid kan ook beter ingespan word as 'n onderrigbeginsel. Die benutting van

lesingperiodes moet weer bekyk word. Dit het nie veel sin om oor die kort teologiese kursus te kla, as alle bestaande lesingperiodes nie optimaal benut word nie. Dit geld ook lesings waartydens materiaal voorgehou word wat net so wel by wyse van selfstudie afgehandel kan word. Verder kan meer van werkopdragte as onderrig- en evalueringsmetodes gebruik gemaak word.

Derdens kan as leemte in die teologiese opleiding genoem word dat daar nie voldoende aandag aan die meer praktiese aspekte van die predikantspraktyk gegee word nie. In die verlede is sodanige voorstelle afgewys met die argument dat dergelike opleiding nie by 'n universiteitsfakulteit tuishoort nie. Dit is natuurlik 'n geldige argument en des te meer so in de lig van hedendaagse tersiêre onderwysbeleid. Die vraag is dan egter waar die aspirant-predikant hierdie kundighede en vaardighede dan moet opdoen. Omdat die Kuratorium en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering hulle ook oor hierdie vraag bekommer het, is Kital in 1979 opgedra om so 'n mini-kursus aan eerstejaarspredikante aan te bied. Die sukses daarvan dui op die behoefte wat bestaan het.

As 'n mens die Kerkwet van naderby bekyk, blyk dit dat die "teologiese opleiding en vorming van dienaars van die Woord" nie resloos met die BA-BD-opleiding geïdentifiseer word nie. Om dié rede is die indiening van 'n BD-graadsertifikaat nie voldoende gronde om tot die bediening toegelaat te word nie. Teologiese kandidate moet ook 'n proponentseksamen slaag om vir toelating te kwalifiseer. Die struktuur laat dus die moontlikheid oop dat daar parallel met die teologiese graadkursus opleiding in die meer praktiese sake aangebied word. Baie van die sake wat tans in die kursus van Kital aangebied word, kan dalk dan hier aangebied word. Die Dosentevergadering kan as verantwoordelike liggaam optree, maar hulle kan ook in die aanbieding van hierdie sake van spesialiste buite die Dosentevergadering gebruik maak, byvoorbeeld verteenwoordigers van rade en Kital. Die Proponentseksamenkommissie kan ingevolge sy reg om addisionele toelatingsvereistes naas BD te stel, bewyse van kandidate vra dat hulle sulke parallelle kursusse suksesvol deurloop het.

Uiteraard sal dergelike toevoegings tot die teologiese opleiding 'n groter belading van studente meebring, maar as die huidige werklading van ons studente met die van regstudente, mediese studente, veeartsenystudente en moontlik ook ander vergelyk word, is dit duidelik dat daar ruimte vir uitbreiding bestaan.

Dit is moeilik om 'n kurrikulum vir die teologiese opleiding as synde die "eerste fase van bekwaammaking" tot die ampswerk op te stel en nie ook met die verdere fases besig te raak nie. Die tyd sal waarskynlik aanbreek dat die fakulteit hom ook op die terrein van voortgesette teologiese opleiding sal moet begewe. Huidiglik is dit slegs moontlik om verdere teologiese studie in die vorm van doktorale studie te onderneem. Baie predikante sien egter nie vir dié soort studie wat amper uitsluitlik in die wetenskaplike teologie opgaan, kans nie, omdat dit te gespesialiseerd is, die predikant nie direk help om 'n breëre bekwaamheid ten opsigte van sy ampswerk te ontwikkel nie en te veel tyd en moeite verg voordat die kwalifikasie uiteindelik verwerf word.

Hierteenoor is dit moontlik om verskeie opfrissingsprogramme en/of gevorderde kursusse aan te bied wat meer praktykgerig is en boonop so gestruktureer is dat predikante dit op 'n deeltydse basis kan bywoon. Hierdie soort voortgesette opleiding word deesdae in feitlik al die professionele rigtings aangetref. Die Universiteit van Pretoria het reeds begin om 'n administratiewe struktuur te skep om dié opleiding op 'n gesonde organisatoriese grondslag te plaas. Die fakulteitsafdeling van die NG Kerk het verlede jaar (1983) met voortgesette opleiding begin. Slegs 'n tekort aan mannekrag verhoed ons op hierdie stadium om dieselfde te doen.

Afsluitend wil ek betoog dat kurrikulumhersiening voortaan 'n vaste kenmerk van hierdie fakulteit se onderrig sal word. Dit is nie moontlik om vir eens by 'n kurrikulumontwerp en onderrigmodel uit te kom wat so klassiek is dat dit alle verdere hersiening oorbodig maak nie. Enige ontwerp hang saam met 'n bepaalde situasie, sekere behoeftes in die ampspraktyk en ontwikkeling in die teologie self. Dit is veranderlikes. Gevolglik gaan kurrikulumhersiening steeds voort. Dit is ook veel beter so, eerder as dat eksterne kritiek ons weer gaan dwing om hersiening te doen. Laastens moet bewussyn van hierdie sake deel word van die doseerinstelling van elke dosent, as dit nie reeds so is nie.